

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 219

(Geen datum)

Die Here is groot en goed

* * * * *

"Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy
Woord van al wat smet is, vry, soos goud,
gelouter sewe maal"

(Psalm 18:14 [Berymd])

Die Here is getrou

"Neem my weer onder U sorg, Here, en red my lewe.

Help my, want U is *getrou*" (Ps. 6:5).

Sien jy wat bid Dawid? Hy soek sorg, . . . hy soek redding! En hy gaan soek dit by die Here. Sien jy hoekom? Want, sê Dawid in Psalm 6: Omdat die Here *GETROU* is.

Natuurlik kan 'n mens hierdie ryke woord verder probeer omskryf met onder andere:

God is goed . . . goedertieren . . . weldadig . . . barmhartig!

Die Bybelvertalers vertaal dit met: *GETROU*!

Wat beteken dit dat dié God waarin ons glo getrou is?

Om dit te verstaan . . . kom ons luister na I Sam. 20:8. Daar sê Dawid en Jonatan vir mekaar: "Jy het my met 'n verbond van die Here aan jou verbind. Toon nou jou trou aan my, en as ek skuldig is, maak jy my dan dood." Deur 'n onverbreekbare verbond of ooreenkoms, moes Dawid en Jonatan aan mekaar getrou wees. Dit beteken 'n onverbreekbare belofte van trou en lojaliteit. Só intens is dit dat die verbreking daarvan, die *DOOD* beteken.

Dus: Om getrou te wees, hou géén willekeurigheid of vrywilligheid in nie, *MAAR*:

troue

bystand

deur

die dood!

En as die

Bybel dan sê: "Die Here is getrou", dan lees ons dit telkens raak — ook in God se *verbonds*verhouding met sy kind — vgl. Deut. 7, I Kon. 8, Jes. 54 - d.w.s. God is getrou in die nakoming en vervulling van sy beloftes. Daarom kan Dawid in Psalm 6 bid: "Sorg vir my Here . . . red my lewe . . . want U is *getrou*." Hy verlaat hom dus op God se trou, God se lojaliteit en God se vastheid — van — belofte!

Die teendeel van "getrou" is

ontrou

onbetroubaar

spottery

goddelose!

Nee, só is God nie.

God is getrou.

Hy is die onoorwinbare vastigheid in die lewe.

Hy doen wat Hy beloof het: —

Die Here is getrou!

- Glo dit my Vriend en Vriendin, maar bowenal -: bely dit en weet dit: *GOD IS GETROU*!
- By Hom is jou lewe en toekoms veilig.
- By Hom *kán* jy ten volle lewe.

- Soos 'n verfrissende drankie en oorvloedige fontein van getrouheid — só is God in Jesus Christus vir elkeen wat in Hóm glo.

Want Dawid bid en bely dit: God is getrou! En die Here se getrouheid aan Sy kind kom deur die vervulling van Sy belofte in Christus.

- Sy enigste Seun moes kom ly . . . en bespotting verduur . . . en pyn ervaar . . . en uiteindelik vermoor word. Almal was onbetroubaar. Christus kon op niemand vertrou nie.

Alleen maar omdat die Here *GETROU* is! God bly getrou.

Alleen omdat Hy Sy beloftes nakom . . . Sy belofte van sondevergifnis en genade — vir JOU!

God is getrou — die kruis op Golgota is die bewys.

Glo jy dit?

Ds. Nico Ligthelm.

Niks goeds nie behalwe by God.....

(Ps. 16:2)

Ps. 16 word beskryf as een van die aangrypendste gedigte in die literatuurskat van die Bybel.

Die digter Dawid besing in hierdie lied die lewensvolheid en lewensvreugde wat hy in God vind. Hierdie Psalm is eintlik 'n gebed wat spreek van

- geloofsoorgawe,
- kinderlike onderwerping aan die Here,
- vertrouensvolle sekerheid,
- lewende gemeenskap met God,
- en van die blymoedige wete: Die Here is altyd by my!

In hierdie gebed *pleit* die digter:

Hy bely:

"U is my Here, Ek behoort aan U".

Hy loof:

"Daar is vir my niks goeds nie, behalwe by U".

Hy dank:

"U is my lewe, U sorg vir my.

'n Pragtige deel is vir my afgemeet,

wat ek ontvang het, is vir my mooi."

'n Gebed waarin Dawid sy ootmoedige afhanklikheid en sy onwankelbare geloofsvertroue verklaar:

Die Here is vir hom alles!

Hy getuig van 'n pragtige deel wat vir hom afgemeet is, die erfenis wat hy ontvang het, is vir hom mooi.

En dan maak hy 'n waardasie van die erforsie wat vir hom afgemeet is,

- hy stel 'n inventaris op van die erfdeel wat aan hom toegeken is,
- in die nalatenskap wat hy ontvang het, is daar kosbare erfskatte wat hy een na die ander te voorskyn haal:

- **Die eerste skat — die Here self.**

"Ek het vir die Here gesê: U is my Here; vir my is daar geen goed bo U nie." (vs. 2)

"Here, U is my lewe, U sorg vir my." (vs. 5)

Nie aardse besittings of materiële bates nie, maar die grootste en belangrikste skat vind hy in God self, dié God aan Wie hy behoort, en by Wie daar lewensvolheid is, en blydskap en veiligheid onder alle omstandighede.

Nie die skatte van die wêreld nie, maar dié skat wat in die hemel weggelê is waar geen mot of roes verniel nie, en waar die we ne inbreek en steel nie.

Dit is sy hoogste goed — die kosbaarste deel van sy hemelse erfenis.

- **Die tweede skat — die Kerk.**

"Maar aangaande die heiliges wat op die aarde is, sê ek: Hulle is die heerlikes in wie my behae is." (vs. 3)

Naas God, kom die kinders van God . . . *die Kerk!* (Kerk beteken: wat aan die Here behoort)

Diegene wat saam met my bely, God is alles in ons lewe! God is alles vir almal wat aan Hom behoort.

Saam met hierdie mense is ek deel van die huisgesin van God, die heiliges op aarde. Met die ware gelowiges soek ek omgang, want in hulle het ek 'n groot behae en vreugde. Saam met hulle wil ek deel in die waarheid en die reinheid en die heil van onse God.

Só is daar in die Kerk gemeensaamheid, warmte, lewe, egte vreugde en blydskap. Mense wat soos jy glo — soos jy aanbid — soos jy die goeie stryd stry tot eer van God.

- ***Die derde skat — koers vir die pad.***

"Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer." (vs. 7)

Dié persoon wat met die Here leef en wat God as sy hoogste goed ken, sal ook 'n suiwere perspektief op die lewe hê, en 'n gebalanseerde lewensbeskouing, want deur die Woord en die Gees van die Here, ontvang hy die regte koers en rigting op sy lewenspad.

Sonder God, sonder die lig van Sy Woord, sonder die gemeenskap van my medegelowiges, is ek op my lewenspad koersloos en rigtingloos en tot ondergang gedoem!

Wat 'n onmisbare erfenis: Koersvastheid, wat gebore word uit 'n innige liefde vir, en volle oorgawe aan die Here!

- ***Die vierde skat — hoop vir die toekoms!***

Ek het die Here altyd by my:

"Omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.

Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig." (vs. 8,9)

Hoop vir die toekoms — dit is die vierde skat in die afgemete erfdeel van 'n persoon vir wie God alles is.

"U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie." (vs. 10)

God is my lewe, al kom ook die dood. Niks sal my lewe ooit van my kan wegneem nie. In lewe en sterwe, oral en altyd, is daar vir die gelowige hoop en veiligheid en 'n toekoms by God.

Want deur die genade van God in Jesus Christus is sy lewe gewaarborg. Deur Hom behoort ek onvervreembaar aan die Here, en kan niks my van Sy liefde skei nie.

Met hierdie sekerheid gaan ek selfs die donkerste toekoms hoopvol tegemoet in die wete: "Uit u hand kom net wat mooi is!" (vs. 11)

Mag u, gewaardeerde Leser, ook hierdie geloofsoortuiging in u hart beleef.

Ds. Pieter van der Walt

Die Here is genadig

"Asaf sê in Psalm 78:38: "Die Here is genadig, Hy vergewe sonde."

As ons wil skryf oor God se genade, kan iemand miskien sê: Maar dis tog logies ... hoekom nog daarvoor skryf? Maar, geliefde Leser, alhoewel die woordjie "genade" só baie gebruik word, is dit tóg 'n moeilike woord en begrip om te definieer. En 'n woord só ryk in betekenis! Want dink net vir jouself: Wat beteken genade?

Die oorspronklike woord in die Bybel hang saam met die woord vreugde of blydschap. Genade is dus iets wat vreugde gee en bly maak — met ander woorde: Die gevolg van genade is

VREUGDE EN BLYDSKAP!

In die woordjie genade sit ook die gedagte van: Om toegeneë te wees. Dink byvoorbeeld aan 'n koning wat toegeneë is teenoor 'n mindere, soos Ester. As Ester na koning Ahasveros gaan om te pleit vir haar volk, besef sy dat dit haar lewe kan kos. Daarom sê sy in Ester 4:16: "As ek moet omkom, moet ek maar omkom." Maar dan lees ons in vs. 5:2: "Toe die koning vir koningin Ester in die voorhof sien staan, het sy genade in sy oë gevind." Wat 'n *vreugde* vir Ester om by die koning *genade* te vind.

Veel groter is die vreugde van *Gód* se genade aan 'n mens. Want God is nie maar 'n menslike koning wat slegs die liggaam kan dood nie . . .

Nee, Hy is dié Koning wat liggaam én siel in die hel kan werp . . .

Óf deur sy genade die ewige lewe kan skenk.

Ja, omdat God genadig is . . . bewys Hy genade! Die gemis aan Sy genade is bitterder as die dood, maar die sekerheid dat Hy sy kind genadig is, is onbeskryflike vreugde en blydschap.

God se genade — sê Psalm 78 — bring vergifnis van sonde. En vergifnis van sonde bring ewige saligheid. En dit bring 'n intense blydschap en vreugde.

Dus: God se genade is die grond vir die vergewing van sonde. Sy genade setel in Christus — deur wie ons vergewing ontvang.

Genade is dus nie iets *buite* God nie, maar GENADE is die wese van God self.

Daarom lê in die woord genade, dié gedagte: Dat 'n mens GEEN reg daarop het nie. Intendeel, genade staan lynreg teenoor verdienste. Lees gerus Rom. 4:4.

Daarom is God se genade in Christus die Son wat ons lewe verlig . . .

dis iets buite die mens . . .

'n volkome aksie van God self!

- God se genade is vir ons genoeg!
- Sy daad van vergifnis van sonde
- Sy aksie van toegeneentheid
- Sy liefde in Christus . . .

DIS GENADE!

En die gevolg daarvan? Intense en ewige vreugde en blydschap. Mag ons ook só bid soos die tollenaar van Lukas 18:13: "O God, wees my, sondaar genadig!"

Ds. Nico Ligthelm.

Die Here is groot

(Psalm 147:5)

"Ons Here is groot en magtig, Sy kennis is onbegrens." 'n Mens wat die grootheid van die Here bemerk kan nie anders as om 'n loflied tot Hom te sing nie. Ps. 147 is dan ook 'n loflied tot die Here wat Sy grootheid besing.

Hoe kan jy en ek die grootheid van die Here bemerk? Net op dieselfde wyse as die digter van Psalm 147.

God het deur Sy Heilige Gees die digter se oë oopgemaak, sodat hy in verwondering die grootheid van die Here in sy werke kon raak sien.

Boonop het ons ook nog die Bybel as Woord van God waarin ons Sy grootheid soveel makliker kan raaksien.

Die Bybel draai ons oog om eers God se werk vir die skepping raak te sien.

"Dit is Hy wat hemel en aarde,
die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel,
voortgebring het deur sy krag." (Berym. Ps. 146:4)

God se werk gaan voort in onderhouding en regering van alle dinge. Hy heers oor die hele skepping, insluitende die sterre wat deur heidennasies as gode vereer word. Hy bepaal hulle getal en hulle naam, en dus ook hulle funksie. Hy hou elke ster in sy baan.

Aan God se mag en kennis is geen grense. Dit is ook besonderlik merkbaar in die lewe van die mens.

Gods grootheid stel Hom volkome onafhanklik van alle menslike mag.

Hierteenoor staan die magtigste mens nog heeltemal afhanklik voor die Here.

Hy gee wolke, reën, gras en kos.

Op die hoë berge gee Hy sneeu en ys.

Hy laat dit ook weer smelt en dit vorm 'n belangrike lewensaar van water vir die vlaktes. Waterstroompies wat wegstroom na die damme en die graanlande.

Die grootheid van die Here is egter die duidelikste merkbaar vir Sy gelowige kinders in Sy werk van verlossing.

Reeds in die begin van Psalm 147 word die Here geprys vir sy grote mag en grote liefde waarmee Hy Jerusalem weer opgebou het en die verstrooides van Israel weer daar versamel het. Hulle verlossing uit die ballingskap is een groot bevestiging van die Here se besondere grootheid. In Jesus Christus word hierdie grootheid van die Here vir jou en my besonder duidelik gemaak.

Deur al die wonders wat Jesus gedoen het, het Hy opnuut die grootheid van God se mag oor die hele skepping bewys:

genesing van mense

opwekking uit die dood — soos Lasarus

maak die storm op die see stil.

Deur sy kruisdood op Golgota is ook die grootheid van God se liefde oor hulpelose sondears bewys. Deur sy opstanding uit die dood het Hy nou ook alle magte aan Hom onderwerp, ook die dood. Hy het alle mag in die hemel en op aarde. (Matt. 28:18).

Christus regeer nou aan die regterhand van die Vader totdat Hy weer kom. Dan sal Hy die ongelowiges straf. Dit is hulle wat in hierdie lewe die grootheid van die Here nie wou erken en hom wou eer nie. Al die verlose sondaars wat egter gelowig uit die grootheid van die Here geleef en Hom daarvoor geprys het, sal Christus tot die volle lewe laat opstaan om die Here vir ewig lofliedere toe te sing.

Ds. Sarel Cilliers.

Die Here is God

"Voordat die berge gebore was en U die sade in die wêreld voortgebring het, ja van ewigheid tot ewigheid is U God". (Ps. 90:2)

Die Here is die enigste ware God

By heidene kry 'n mens die merkwaardige verskynsel dat hulle vir hulle self gode maak. Hulle beplan hoe hy moet lyk en wat hy moet doen, en dan maak hulle 'n beeld van hoe hulle reken hy behoort te lyk.

Jes. 46:6: "Mense gooi goud uit hulle geldsak uit en weeg silwer op 'n skaal af; hulle huur 'n goudsmid en hy maak daarvan 'n afgodsbeeld.

Dan buig hulle voor hom en aanbid hom."

By die Grieke het jy gekry: die afgod van liefde, die afgod van geluk — ja, dit het sulke afmetings in Athene aangeneem, dat hulle nie minder as 'n duisend afgode gedien het nie. Soveel so dat Paulus daar ook 'n altaar gekry het vir "die onbekende god." (Hand. 17) — net vir ingeval hulle miskien iewers 'n afgod uitgelaat of vergeet het.

Maar die feite van die saak is:

Al hierdie afgodsbeelde is nog steeds geen god nie.

Dit is hoogstens die werk van mensehande.

Dis van hout en klei en goud.

Dit kan val en brand en breek.

- Nee, die Bybel leer ons: Daar is net *een* God, en Hy is die *ware* God.

— Die afgode wat geen "God" is nie, is dood.

Die ware God *lewe* —

Hy gee lewe

Hy hou aan die lewe

Hy hou u en my aan die lewe

Hy hou elke plant en dier aan die lewe.

— By die afgode kry ons 'n veelgodedom (politeïsme). Die ware God is *een*. Hy is die *enigste* God. Hy is een *wese* wat Hom in drie *Persone* aan ons bekendmaak: Die Vader, Die Seun en Die Heilige Gees.

- "Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? vra die Heilige." "Die nasie is vir Hom soos 'n druppel in 'n emmer, soos 'n stoffie op 'n skaal." (Jes. 40:15 en 25).

Die Here is 'n ewige God

Nie alleen is die Here die enigste ware God nie, maar Hy is ook ewig. Hy bestaan van ewigheid tot ewigheid. Voor die begin van Genesis 1:1 was God alreeds daar. En nadat u en ek ons laaste asem uitgeblaas het, en die ewigheid ingegaan het, dan is God nog steeds God. Hy bly God bo wat wissel en vergaan.

- Die troos wat ons kry uit die feit dat God *lewe* en *ewig* is, is dat wanneer ons in Hom glo, ons ook *ewig lewe*. Wanneer jy in Jesus Christus glo, dan lewe jy al het jy ook gesterwe. Hy wat jare geskep het, is ten volle by magte om jou anderkant die grense van die graf steeds te laat lewe.
- Die ewige lewe wat die gelowige in Jesus Christus het, bestaan daarin dat jy by God is, by Christus is, ná hierdie lewe. In daardie lewe het die satan en die dood en die sonde nie

meer 'n vat op jou nie.

- Die feit dat God ewig is, beteken ook dat Hy sy skepping vir ewig in stand hou. Weliswaar gaan hierdie hemel en aarde verby — vuur en swael daal uit die hemel neer en verbrand dit. Maar God laat 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gebore word. Hy herskep alles. Hy herskep ook Sy kind om dan vir ewig op die nuwe aarde te woon. Dit sal 'n ryk van ongekende en ewige vrede wees — selfs in die ryk van die natuur.

Wolwe en skape sal saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg." (Jes. 11:6).

- * In hierdie ewige ryk sal ons vrede met God hê. Hy sal ons nuut maak. En ons sal vir ewig in 'n nuwe verhouding met Hom wees.
- * Maar ons hoef nie tot dan te wag om in daardie nuwe verhouding met hom te lewe nie. *Glo* vandag in Jesus Christus, *omhels* Hom met 'n ware geloof, en jy lewe vandag reeds in daardie nuwe verhouding met God — en jy lewe vandag alreeds die ewige lewe!
 - God lewe.
 - God is ewig.
 - Wanneer jy in Hom glo, lewe jy ook ewig.

Ds. A. H. Grové.